BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

*UITGAWE OP GESAG.* OF SOUTH WEST AFRICA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Dinsdag, 12 Februarie 1952. WINDHOEK Tuesday, 12th February, 1952. No. 1655.

## INHOUD

*Page*

**PROKLAMASIE—**

No. 12 (Unie). Troonbestyging van Haar Majesteit Koningin Elizabeth die Tweede 2472

**GOEWERMENTSKENNISGEWING—**

No. 39. Openbare Feesdag en Dag van Rou dwarsdeur die Gebied Suidwes-Afrika 2473

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 12, 1952.

NADEMAAL dit die Almagtige God behaag het om wyle onse Soewerein, Koning George die Sesde, van geseënde en roemryke gedagtenis, tot Sy Genade te roep, deur wie se dood die Kroon van Groot-Brittanje, Ierland en al die ander Geweste van wyle Sy Majesteit uitsluitend en van regsweë verval het aan die hoë en magtige Prinses Elizabeth Alexandra Mary;

SO IS DIT dat ek hierby bekend maak en proklameer dat die hoë en magtige Prinses Elizabeth Alexandra Mary nou, deur die dood van wyle onse Soewerein, saliger gedagtenis, geword het ons enige wettige en regmatige Soewerein, Koningin Elizabeth die Tweede, deur Gods Genade, van Groot-Brittanje, Ierland en die Britse Oorsese Geweste, Koningin, Verdediger van die Geloof, Soewerein van en oor die Unie van Suid-Afrika, aan wie tans, in alle hartlike en nederige gehegtheid, volkome trou en bestendig gehoorsaamheid verskuldig is; onder afsmeking van God, deur Wie se wil Konings en Koninginne regeer, dat Hy die Koninklike Prinses Elizabeth die Tweede sal seën met 'n lange en gelukkige regering oor ons.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN!

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die sewende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.
D. F. MALAN.

## CONTENTS

*Bladsy*

**PROCLAMATION—**

No. 12 (Union). Accession of Her Majesty Queen Elizabeth the Second . . . 2472

**GOVERNMENT NOTICE—**

No. 39. Public Holiday and Day of Mourning throughout the Territory of South West Africa . . . . . . . . . 2473

## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH-AFRICA.

No. 12, 1952.

WHEREAS it hath pleased Almighty God to call to His Mercy our late Sovereign Lord King George the Sixth of blessed and glorious memory, by whose demise the Crown of Great Britain, Ireland and all His late Majesty's other Dominions is solely and rightfully come to the high and mighty Princess Elizabeth Alexandra Mary;

I, THEREFORE, do hereby publish and proclaim that the high and mighty Princess Elizabeth Alexandra Mary is now, by the death of our late Sovereign of happy memory, become our only lawful and rightful Sovereign, Queen Elizabeth the Second, by the Grace of God, of Great Britain, Ireland and the British Dominions beyond the Seas, Queen, Defender of the Faith, Sovereign in and over the Union of South Africa, to whom now all faith and constant obedience, with all hearty and humble affection are due; beseeching God, by Whom Kings and Queens do reign, to bless the Royal Princess Elizabeth the Second with long and happy years to reign over us.

GOD SAVE THE QUEEN!

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town the Seventh day of February, One Thousand Nine Hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council
D. F. MALAN.

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 39]. [12 Februarie 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat weens die afsterwe van Sy Majesteit Koning George VI het Sy Edele die Administrateur kragtens die bepalings van artikel 3 van Proklamasie 21 van 1920 die 15de dag van Februarie 1952 as 'n openbare feesdag en 'n dag van rou dwarsdeur die Gebied Suidwes-Afrika verklaar.

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 39]. [12th February, 1952.

It is hereby notified for general information that owing to the death of His Majesty King George VI, the Honourable the Administrator has, in terms of section 3 of Proclamation 21 of 1920, appointed Friday the 15th day of February, 1952, to be observed as a public holiday and a day of mourning throughout the Territory of South West Africa.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert Ltd., Windhoek